+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

VERHURING: TRADAUWSHOEK PLAASHUIS IN BARRYDALE

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate-Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Munisipale Plaashuis in Barrydale uitverhuur word, volgens die volgende voorwaardes:

Voorgestelde huurder: **Ebenheazer Bejaarde Klub, Barrydale**
Huurperiode: **Vyf *(5)* jaar**
Nominale huur: **R200.00 per maand *(plus BTW)***
Jaarlikse eskalasie: **10%**

Die huurder is verantwoordelik vir die instandhouding van die eiendom en alle kostes verbonde aan die huurproses.

Die huurder stem saam dat enige ander liefdadigheidsorganisasie gedurende die jaar toegelaat sal word om die fasiliteit van tyd tot tyd op 'n ad hoc-basis te gebruik. Die huurder stem verder in dat Net-vir-Pret die fasiliteit tydens skoolvakansies vir kinderprogramme kan gebruik.

Besware / kommentaar moet skriftelik wees en moet die ondergetekende bereik nie later nie as **Maandag, 5 Oktober 2020 om 12:00**. Besware / kommentaar kan per hand gelewer word by Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy of haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor, Swellendam. Mev L. Baransky sal sodanige mondelingse vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelingse kommentaar lewer.

Laat besware / kommentaar sal nie oorweeg word nie. Verdere inligting kan bekom word by Mev L. Baransky by 028 514 8500 of e-pos liezel@swellenmun.co.za.

A.M GROENEWALD
Munisipale Bestuurder

Posbus 20
Swellendam
6740

Kennisgewing H8/2020